

“DIE BLINKKLIPPIE”

WEEKLIKSE NUUSBRIEF VAN GEREFORMEERDE KERK POSTMASBURG
(Jaargang 19 - nr. 32)



"Die Woord het mens geword en onder ons kom woon. Ons het sy heerlijkheid gesien, die heerlijkheid wat Hy as die enigste Seun van die Vader het, vol genade en waarheid."

Johannes 1:14

11 Augustus 2019

HARTLIK WELKOM!

Dit is waarlik 'n voorreg om weer vanoggend as gemeente saam die Here te kan dien.

EREDIENS VANOGGEND: Dr. Petrus Venter (Voorbereidingsdiens)

Voorsang:

Ps.9 :1,9,10

Ontmoetingsdiens:

Votum en seën

Sing: Ps. 91:1,3

Belydenis van geloof

Verootmoediging- en versoeningsdiens:

Wet

Sing: Ps. 142:1,4,5

Gebed

Woorddiens:

Sing: Ps. 27:4

Skriflesing: Lukas 22:39-46

Teks: Lukas 22:41

Preektema:

So ver soos 'n mens met 'n klip kan gooi

Antwoorddiens:

Liefdesdiens kollekte: In die banke- DVB

By die deure- Sustentatie GKSA

Sing: Ps. 71:8,9,10

Wegstuurseën

Preekskets

Hoe ver kan u met 'n klip gooi? Dalk ietwat van 'n vreemde vraag, tog maak ons teksverse 'n gooisom en 'n afstandsom.

Luk. 22:41 Hy het Hom toe van hulle afgesonder omtrent so ver as 'n mens met 'n klip kan gooi. Daar het Hy gekniel en gebid ...

1. Wie doen die gooiwerk?
2. Hoe ver word gegooi?
3. Waarnatoe word gegooi?

Dit lyk op 'n manier drie vrae te wees wat by hierdie voorbereiding ook gevra kan word. In die nag van Jesus se verskriklikste lyde, daardie voorbereidende Donderdag-nag direk na die eerste Nagmaal het Jesus hom 'n hanetree van die mense afgesonder, seker omtrent 40 m. So ver soos 'n mens met 'n klip kan gooi?

Wat staan vir ons alles in daardie 40m afgemeet?!

KOLLEKTES

Vandag: 11 Augustus 2019

- In die banke: **Diens van barmhartigheid** By die deure: **Sustentasië GKSA**

Sondag: 18 Augustus 2019

- In die banke: **Diens van barmhartigheid** By die deure: **Pensioen versterker**

WYK - DIENSBEURT

Vandag – 11 Aug 2019 – **Wyk 4**

- **Ouderling:** Br. Albertus Viljoen
- **Diaken:** Br. Ferdie Nel
- **Wyksusters:** Sr. Louise Viljoen

Volgende week – 18 Augustus 2019 - **Wyk 5**

- **Ouderling:** Vakant
- **Diaken:** Br. Dawie Schoeman
- **Wyksusters:** Sr. Estea du Plessis

MEELEWING

- Ons bid vir wyle br. Johan Geldenhuys se kinders, familie en geliefdes die troos van die Heilige Gees toe na ons broeder verlede Maandag oorlede is. Die troosdiens vind eerskomende Vrydag om 12h00 in ons kerkgebou plaas.
- Ons dink in besonder in ons gebede aan sr. Marie Fourie. Sy het deur die week weer 'n reeks behandelings ontvang. Ons is dankbaar om te verneem dat onder omstandighede die behandeling goed verloop het. Ons bid dat die Here haar nog verder naby sal wees en sal versterk.
- Ons vertrou dat sr Bettie Snyman wat môre 'n pynblok in haar rug moet ontvang so geseënd mag wees dat 'n rugoperasie nie nodig sal wees nie.
- Br Hannes Viljoen het gevra dat ons sal dink aan naby mense aan hulle waar die seun in die Kongo deur rebelle-magte gevang is en hulle dreig om hom tereg te stel as daar nie aan sekere voorwaardes voldoen word nie. Mag daar vir die man uitkoms wees.

VERJAARSDAE

Donderdag 15 Aug. Jngbr. Tristan Viljoen
Dinsdag 20 Aug. Sr. Sonja Viljoen
Donderdag 22 Aug. Sr. Hettie Booyens

Mag u 'n geseënde nuwe lewensjaar ingaan met die volle oortuiging dat ons tye is in die Here se hande.

ALGEMENE KERKNUUS

GKSA NUUSBROKKIES

Gaan laai gerus hierdie week se nuusbrokkies van ons webwerf af. Die jongste beroepenuus en vele meer is daarop beskikbaar soos weekliks aan ons deurgestuur. U kan dit van ons webwerf aflaai by: <http://bit.ly/2SxThy0>

BEROEPE ONTVANG

BEROEPE AANVAAR

OMGEWINGSPITKOS

Die wind. Wat 'n bekende en tog geheimsinnige en onverstaanbare iets. *Die wind waai waar hy wil en jy hoor sy geluid, maar jy weet nie vanwaar hy kom en waarheen hy gaan nie* (Joh 3:8). Juis daarom gebruik die Skrif wind as beeld van die Heilige Gees in sy wederbarende werking. Wind sal altyd 'n wonder bly in sy vrymag van menslike beïnvloeding en verskeidenheid van werking te midde van sy invloed op klimaatsverandering. Ons ervaar reeds meer verwoestende werwelstorms terwyl huilende droogtewinde en singende treurwinde die nood van sugtende skepsels verder verskroei. Mag die sagte aandwindjie as Totius se 'pelgrimskind' ons ook laat wonder wie klop terwyl ons wag op minder wordende vogbelaaië reënwinde.

KATEGESE

Vanoggend gaan ons begin met ons Laerskool-kategese soos verlede Sondag afgespreek. Al die werk is ook op ons webwerf gelaai onder katkisasie. U kan dit aflaai by <http://bit.ly/2KhypYe>
Maandag-middag gaan ons by pastorie voort met Hoërskool kategese. Die voor-belydenis weer om 16h00 en dan die belydenisklas om 17h00.

DIAKENS

DORKAS- SUSTERS

Huis Jan Vorster-mandjie – Toiletware vir ons inwoners in HJV kan in die groen mandjie voor in die portaal geplaas word. Hulle ondervind die laaste tyd veral 'n tekort aan doeke. Die inwoners het ook hulle hartlike dank uitgespreek vir dit wat alreeds geskenk is.

BYBELSTUDIE

Bybelstudie Dinsdag 10h00: Oggendgroep

Bybelstudie Dinsdag 18h00? Aandgroep

Ons gaan voort met die reeks rondom die gebede uit God se Woord.

DOPPER KOMBUIS

Kom kuier gesellig saam in ons tee-drink lokaal na die erediens.

GEMEENTEKAMP

Merk die datum: 3 tot 5 April 2020

STEAK-ETE

Volgende steak-ete is 4 Oktober 2019 aangebied deur wyke 1-4

KERKLIKE TYDSKRIFTE

Skryf asseblief u naam op die lys op die kennisgewingbord in die tee-drink lokaal indien u belangstel om die volgende tydskrifte vir die tydperk **Julie 2019 tot Junie 2020** te ontvang:

Die Kerkblad - R320.00

Vroueblad - R270.00

Die Slingervel - R250.00

Huidige intekenare moet asseblief ook u naam op die lys skryf, indien u wil voortgaan om dit te ontvang. U inskrywing word nie outomaties hernu nie. Betalings kan per EFT gedoen word of plaas kontant in 'n gemerkte koevert in die Kassiere kassie.

JEUG: GK Griekwaland-Wes Jeugtoerusting Kamp

Klassis Griekwaland-Wes rig 'n uitnodiging aan die jeug om die jaarlikse Jeugkamp by te woon.

Wanneer: 23-25 Augustus 2019

Waar: Pro Regno kampterrein Barkly-Wes

Tema: Soldaat vir Chritus.

Kostes: R250.00

**Hope pret en pitkos ook vir jou geestelike groei! Kom en ontdek self!
Moenie jou vriende uit ander kerke vergeet nie ! Maak nuwe maats saam met hulle.**

NAGMAAL

Nagmaal: 18 Augustus 2019

Wyke 1 – 4 is aan diens.

KERMIS

Daar is nog baie rou vleis en wors beskikbaar by die kerkkantoor vir verkope

VAN DIE KERKRAADSTAFEL

HUISBESOEK DEUR DIE PREDIKANT

In Augustus wil die predikant graag wyke 1 en 2 besoek. Hy sal u kontak om afspraak vas te maak.

HUISBESOEKE DEUR DIE OUDERLINGE

VERGADERINGS:

Kerkraadsvergadering Woensdag 14 Aug. 2019 waarna ouderlinge verslag-vergadering ook sal plaasvind.

Verslag van die Finansiële Kommissie

Van die kommissie se kant af wil ons u graag bedank vir u bydraes en ons doen 'n beroep op lidmate om so vol te hou. U is welkom om met enige lid van die finansiële kommissie te skakel indien u navrae het.

KERKLIKE GEGEWENS

Gereformeerde Kerk Postmasburg

Posbus 74 Postmasburg

E-pos: admin@gksa-postmasburg.co.za

Tel: 053 313 3710

Landlyn Pastorie: Tel: 053 313 0571

Kerkkantoor ure: Maandae tot Vrydae 09h00 - 13h00

Predikant	Dr. Petrus Venter	084 704 2348	ds@gksa-postmasburg.co.za
Skriba	Oudl. Albertus Viljoen	082 808 4168	skriba@gksa-postmasburg.co.za
Admin Beampte	Sr. Koos Fick	082 821 2736	admin@gksa-postmasburg.co.za
Voorsitter:Diakonie	Diak.Dawie Schoeman	082 782 2537	dawie@xmedia.co.za
Koster			
Orrelis			
Kassiere	Oudl. Lukas Potgieter	079 695 0555	lukaskathu@gmail.com

Ons gemeente se webwerf en facebook-blad is soos volg:

<http://www.gkpostmasburg.weebly.com>

<http://bit.ly/2Ydk7wK>

STATISTIEKE VORIGE SONDAG

Erediens bywoning	63
Bydrae: Sustentatie Klassis	R 1 242.60
Bydrae: Diens van barmhartigheid	R 1 963.20

GEREFORMEERDE KERK BANKBESONDERHEDE – ALLE REKENINGE BY ABSA

Rekening	Rekeningnommer
Alle bydraes (Dankoffers)	2130-3400-35
Diakonie	2130-28-0008
Dorkas-susters	407-382-6782
Kermisinbetalings	90-9779-4784
Steak-ete inbetalings	91-4771-8016

Berigte vir Blinkklippie moet asseblief teen **Woensdag 16h00** per e-pos gestuur word na admin@gksa-postmasburg.co.za